

Waardes as kultuuraspek van die Afrikaner¹

Values as a cultural aspect of the Afrikaner

In krisistye is kultuur geen luukse nie, maar die hoogste vorm van selfbehoud. Want kultuur staan vir interne orde, en interne orde is die fondament van alle beskawing.

(Hennie Aucamp 1994:19)

J P VAN DER MERWE

Departement Antropologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
jan.vandermerwe@mangaung.co.za



J.P. van der Merwe

JAN PETRUS VAN DER MERWE is 'n doktorsale student in Antropologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Die tema van sy doktorsale studie is: *Afrikaners in Postapartheid Suid-Afrika – 'n Antropologiese perspektief*. Verder doen hy ook gereeld, op 'n deeltydse basis, navorsing vir die Universiteit van die Vrystaat, vir IIASIA (International Institute School for Institutes for Administration – kyk <http://www.iiasiisa.be>), die Afrikanerbond, en vir die African National Congress. Jan is verder 'n voltydse Raadslid in die Mangaung Plaaslike Munisipaliteit, waar hy verantwoordelik is vir Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Landelike Ontwikkeling. Jan is in 2004 deur die Europese Unie versoek om as waarnemer op te tree in die Britse Algemene verkiesing.

JAN PETRUS VAN DER MERWE is a doctoral student at the University of the Free State, Department of Anthropology. The theme of his study is: *Afrikaners in Post-Apartheid South Africa – An anthropological perspective*. On a part time basis Jan is doing research for The University of the Free State, for IIASA (International Institute School for Institutes for Administration – see <http://www.iiasiisa.be>), for the African National Congress and for the Afrikanerbond. Jan is a full time councillor for the Mangaung Local Municipality for the portfolio of Economic and Rural Development and Tourism. Jan was invited by the European Union during 2004 to be an observer during the British General Elections.

ABSTRACT

Values as a cultural aspect of the Afrikaner

The concept of “value” (waarde, wert, valeur, etcetera) is as old as human thought itself, and probably comprises the most important point of dispute in the recognition of anthropology as a science pertaining, inter alia, to “values”.

Joubert (1984:114) states that, in the philosophy of science in general, the concept of “values” is used to refer to ideal, preferred qualities, or the criteria for practising science. Examples of such values include truth, logic, empiricity and objectivity, amongst others. In the philosophy of history,

¹ Desnieteenstaande die problematiek in die daarstelling van definisies, veral binne 'n postmodernistiese konteks, is daar tog besluit om in hierdie artikel van die standpunt uit te gaan dat die Afrikaner 'n blanke groep met 'n eie kultuur is. Afrikaners is waarskynlik een van die mees resente voorbeelde van etnogenese. Verteenwoordigers van verskillende volke uit Europa is in 'n bepaalde konteks, binne 'n bepaalde lokaliteit saamgevoeg en het 'n eie identiteit ontwikkel. Die rol van die lokaliteit (die suidpunt van Afrika) is in die geval van die Afrikaners van besondere belang en het 'n belangrike bydrae tot die Afrikaner se identiteit gelewer.

values refer to notions that are applied in the interpretation of historical events (Degenaar 1984b:12). Political values, on the other hand, are measures and ideals that accommodate the application of politics (Slabbert 1999:53-54). Legislative values are normative principles in law-making (Degenaar 1984b:14), while religious values are ideas regarding what is “supposed to be”, originating from a transcendental world-view, that describe the correct disposition and conduct towards other persons, as prescribed by a god (Joubert 1984:115).

The above-mentioned definitions indicate that values are commonly defined either in terms of specific disciplinary contexts, or in general terms. For example, Degenaar (1984b:24) defines values as principles; Joubert (1984:119) defines them with reference to interpersonal conduct and relationships; while Rokeach (1969:124) characterises a value as: “A type of belief, centrally located within one’s total belief system, about how one ought to or ought not to behave, or about some end-state of existence worth or not worth attaining”.

The question pertaining to the character and intent of values can be traced far back in the history of philosophical thought. According to Degenaar (1984b:28), Socrates was the first theoretician to make a meaningful contribution in terms of providing a definition of values. He placed particular emphasis on the objectivity and totality of ethical values. Plato’s “idea hierarchy” culminates in his theories regarding good (ethical) and attractive (aesthetic) values (Dreyer 1975:31). In the “form hierarchy” of Aristotle, aesthetic values are grounded in cosmic reality, which is why values have a strong cosmological character in his world-view (Dreyer 1975:96). In contrast to Aristotle, Kant transfers values from the cosmic to the personal sphere. That which is good, is subjected to the reasonable will of man. It is therefore also only the good will that is good in itself (Bach 1975:66-72). To Kant, aesthetics is a matter of reasonable judgement, and not a matter of enjoyment of emotion. Appreciation of aesthetics does not necessarily imply knowledge of the character thereof, but “...comes about when there is a general harmony between the powers of the human mind and the form and features of the thing whose beauty we take [it upon] ourselves to grasp” (Bach 1975:75).

For P. J. Coertze (1979:33), values are the most directional element in a culture – he makes no mention of values within the context of the individual (personality) or the social system. According to him, a value system is one of fifteen universal aspects of culture. Thus, it is clear that, in Coertze’s (1979:32) opinion, values are to be viewed as a cultural feature that is linked to the cognitive processes of a human being, and which is connected to his/her attempts to ensure a happy existence for him-/herself. Values develop through cohabitation, cooperation, joint suffering and striving, and gradually mature to form a conventional system.

Coertze (1979:34) also differentiates between truth and logical values (*logos*), moral or ethical values (*ethos*), pleasing or aesthetic values (*aesthesis*) and useful or pragmatic values. The first category is linked to the factual and logical evaluation of the phenomena of reality. As soon as a person starts to evaluate these phenomena, he/she is building a personal value system (Coertze 1979:34).

The nature of truth values is categorised in terms of incidences according to a factual or logical evaluation; the grading of phenomena and categories according to proposed evaluations; the connection of the status of phenomena and categories of phenomena according to gradation; and the presence of behaviour patterns with regard to categories of phenomena in relation to order of status.

Moral and ethical values relate to the evaluation of conscious and popular behaviour, particularly with regard to the appraisal of such behaviour as good or bad, right or wrong. The value-judgements made in this regard are based on the substance and nature of the behaviour, and not necessarily on the behaviour itself. Coertze (1979:37) maintains that what is considered by an *ethnos* to be right and good – or not right and good – does not comprise a given norm, but depends

on the judgement, insight and knowledge of preceding generations, conveyed as a cultural heritage. The ethical norm is thus secured by the supposed truth thereof.

Concerning aesthetic or attractive values, Coertze (1979:38) differentiates between the judgement of attractive values in “primitive” cultures, and the application of such judgement in modern cultures. He points out that, under the conventional cultural conditions that are characteristic of so-called primitive cultures, a stronger attachment to the particular culture – and thus greater stereotyping of aesthetic behaviour – is found.

The attribution of a specific culture or cultural characteristics to a group, in order to identify that group, is a common phenomenon in anthropology. In summary, the crux of the matter at issue here, is that identity is a distinctive aspect of the cultural domain, and that culture is essential for the reproduction of identity. Although anthropologists differ regarding the nature and meaning of culture and cultural boundaries, the notion that culture and identity are based on and integrated in shared, fundamental values represents a general anthropological assumption. Further to this, values are also used in this article as the point of departure in an attempt to shed light on the culture and identity of Afrikaners within the pre-1994 context, as well as in the post-1994 context. Thus, in the first place, the concept of “values”, as well as the ways in which this concept links up with culture and identity, will be discussed.

The restructuring and transformation of the broader South African society, and the inevitable effects of the forces of globalisation and post-modernism of the twenty-first century, have indeed heralded the advent of the era of nihilism for the Afrikaners, and placed their dominant value under pressure. De Klerk's (1979:115) remark that, if everything associated with Christianity is rejected, watered down or pushed aside, the core of the Afrikaner's outlook on life will be endangered, has been verified. The impact of the disintegration of the Afrikaner's dominant value is clearly visible on all sides. This disintegration, as well as the concomitant change in the Afrikaner's judgement of values in a post-apartheid and globalised South Africa, will be discussed.

KEY CONCEPTS: Values, culture, narratives, anthropology, Afrikaners, post-apartheid, South Africa, Afrikaner identity, grand narrative, transformation

TREFWOORDE: Waardes, kultuur, narratiewe, antropologie, Afrikaners, post-apartheid, Suid-Afrika, Afrikaner identiteit, meesterwaarde, transformasie

OPSOMMING

Die toewysing van 'n spesifieke kultuur of kulturele kenmerke aan 'n groep ten einde dit te kan identifiseer, is 'n algemene verskynsel in die antropologie. Die kern, in kort, van waaroor dit gaan, is dat identiteit en 'n spesifieke kultuurgroep se eiesoortige kultuur gewoonlik komplementêrend teenoor mekaar staan. Ofskoon antropoloë verskil oor die aard en betekenis van kultuur en kultuurgrense, verteenwoordig die idee dat kultuur en identiteit gebaseer is op en geïntegreer word deur gedeelde, fundamentele waardes, 'n algemene antropologiese aanname. In aansluiting hierby word waardes dan ook in hierdie artikel gebruik as die invalshoek om die Afrikaner se kultuur en identiteit te belig binne 'n pre-1994-konteks asook 'n post-1994-konteks. Dit bring in die eerste plek mee dat die begrip “waardes”, asook die koppeling daarvan aan kultuur en identiteit, bespreek sal word.

Die herstrukturering en transformasie van die breër Suid-Afrikaanse samelewing, plus die onafwendbare een-en-twintigste-eeuse kragte van globalisering en postmodernisme, het inderdaad die era van nihilisme vir die Afrikaner laat aanbreek en sy meesterwaarde onder druk geplaas. De Klerk (1979:115) se opmerking: “As die Christelike verwerp, verwater of verdring word, bedreig dit die kern van die Afrikaner se lewensopvatting”, is bewaarheid. Die impak van die disintegrasie van die

Afrikaner se meesterwaarde is oral duidelik sigbaar. Hierdie disintegrasië van die Afrikaner se meesterwaarde, asook die gepaardgaande verandering in die Afrikaner se waarde-oordeel in 'n postapartheid en geglobaliseerde Suid-Afrika, word vervolgens in hierdie artikel beskryf.

1. INLEIDING

Die toewysing van 'n spesifieke kultuur of kulturele kenmerke aan 'n groep ten einde dit te kan identifiseer, is 'n algemene verskynsel in die antropologie. Die kern, in kort, van waaroor dit gaan, is dat identiteit in 'n eiesoortige kultuur gebed is en dat kultuur essensieel is vir die reproduksie van identiteit. Ofskoon antropoloë verskil oor die aard en betekenis van kultuur en kultuurgrense, verteenwoordig die idee dat kultuur en identiteit gebaseer is op en geïntegreer word deur gedeelde, fundamentele waardes, 'n algemene antropologiese aanname (volgens Barth 1969:102, Benedict 1952:43, Despres 1975:40, Geertz 1964:23 en Mönnig 1980:32). In aansluiting hierby word waardes dan ook in hierdie artikel gebruik as die invalshoek om die Afrikaner se kultuur en identiteit te belig binne 'n pre-1994-konteks asook 'n post-1994-konteks.² Dit bring in die eerste plek mee dat die begrip "waardes", asook die koppeling daarvan aan kultuur en identiteit, bespreek sal word.

Die meeste antropologiese handboeke verwys teenswoordig waarskynlik nog steeds na die 1871-definisie van Edwin Burnett Tylor (1903:3) van kultuur. Dit beteken egter nie dat daar eenstemmigheid onder antropoloë heers oor wat kultuur is nie; vyf-en-vyftig jaar gelede het Kroeber en Kluckhohn (1952:114) alreeds verwys na die verwarring wat bestaan as gevolg van honderde verskillende definisies. Vir die doeleindes van hierdie artikel word, in aansluiting by die siening van skrywers soos Thornton (1990:120) en Timmerman (2000:18), aanvaar dat kulturele eienskappe en hoedanighede deur denkkonstruksies geformaliseer, geselekteer en in identiteitselemente omskep word. Ideële beslissings bepaal dus watter betekenis, verstaan en waarde aan kultuur verleen word. Dieselfde geld met betrekking tot etniese identiteit. Skrywers (Banton 1994:2, Collier 1998:131, Dominquez 1994:333, Sharp 1988:80 en Webster 1991:245) is dit eens dat etniese groepe, grense en identiteite nie permanent is nie en fundamenteel 'n konstruksie van die menslike voorstellingsvermoë is wat nie 'n entiteit met 'n praktiese, konkrete bestaan op sigself verteenwoordig nie. Dit is 'n idee in die gedagte van mense waarvan die betekenis afhang van hoeveel mense dié idee deel. Daarom kan daar nie gevra word na die werklike kenmerke daarvan nie, slegs wie daarin glo en optree asof dit werklik is.

² Op 27 April 1994 het Suid-Afrika 'n volwaardige demokratiese staat geword, en kan hierdie gemelde datum tereg gesien word as die einde van die Apartheidsera. Gedurende die Apartheidsera het blanke Afrikaners oor alle mag beskik en het hulle ook talle wette ingestel wat diskriminerend was teenoor anderskleurige Suid-Afrikaners. Volgens Slabbert (1999:49-51) het daar tot en met 1990 'n amptelike Afrikaner-identiteit bestaan, wat grootliks bepaal is deur 'n meesternarratief wat gekonstrueer is rondom kerklidmaatskap, verbintenis tot politieke mag en partylidmaatskap, en lidmaatskap van kultuurorganisasies soos die Broederbond. Die verlies van hierdie amptelike identiteit ná 1994 het die Afrikaner, volgens skrywers soos Vosloo (*Die Burger* 28 Januarie 2005:12) en Roodt (<http://www.praag.org/menings17072005.html> – 2005/07/14:4 van 13), gemarginaliseer en in 'n bestaanskrisis gedompel. In hierdie verband word daarop gewys dat die Afrikaners se emosionele en intellektuele bande met die Afrikaanse kultuur, kerke, politiek en die Afrikaanse taal besig is om te verander, selfs te verskraal, en dat hulle toenemend 'n nuwe, kosmopolitaanse identiteit en leefwyse nastreef.

2. WAARDES AS ASPEK VAN KULTUUR

Omdat die begrip “waardes” in verskillende dissiplines verskillende betekenisse het, word ’n algemene begripsomskrywing eers aangebied voordat dit as ’n aspek van kultuur belig word.

In die algemene wetenskapsfilosofie word waardes, volgens Joubert (1984:114), byvoorbeeld gebruik om te verwys na die ideale, wenslike kwaliteite, of die kriteria van wetenskapsbeoefening. Voorbeelde van sodanige waardes is: waarheid, logika, empirisiteit, objektiwiteit, ensovoorts. In die filosofie van die geskiedenis verwys waardes, volgens Degenaar (1984:12), na oorwegings by die interpretasie van historiese gebeure. Politieke waardes, daarenteen, is maatstawwe en ideale wat geld in die beoefening van politiek (Slabbert 1999:53-54). Regswaardes is normatiewe beginsels in die regspleging (Degenaar 1984:14), terwyl godsdienstige waardes “behoort-opvatting” is wat van transendente oorsprong is en korrekte ingesteldhede en optrede teenoor ander mense, soos deur ’n godheid voorgeskryf, verteenwoordig (Joubert 1984:115).

Bogenoemde toedrag van sake bring mee dat waardes gewoonlik óf ooreenkomstig eng dissiplinêre kontekste, óf in algemene terme gedefinieer word. Degenaar (1984:24) definieer waardes byvoorbeeld as beginsels, Joubert (1984:119) definieer waardes as verbandhoudend met intermenslike optredes en verhoudings, terwyl Rokeach (1969:124) dit definieer as: “A type of belief, centrally located within one’s total belief system, about how one ought to or ought not to behave, or about some end-state of existence worth or not worth attaining.”

Die vraag na die aard en wese van waardes strek ver terug in die geskiedenis van wysgerige denke. Volgens Degenaar (1984:28) was Sokrates byvoorbeeld die eerste denker wat ’n betekenisvolle bydrae gelewer het oor waardes. Hy het veral die objektiwiteit en absoluutheid van die etiese waarde beklemtoon. Plato se ideë-leer kulmineer in sy opvatting oor die goeie (etiese) en die skone (estetiese) waardes (Dreyer 1975:31). In die vormleer van Aristoteles word estetiese waardes in die kosmiese werklikheid gegrond, en daardeur verkry waardes vir hom ’n sterk kosmologiese karakter (Dreyer 1975:96). In teenstelling met Aristoteles verplaas Kant waardes vanuit die kosmiese na die persoonlike sfeer. Dit wat goed is, is volgens hom onderworpe aan die redelike wil van die mens. Dit is dan ook slegs die goeie wil wat in sigself goed is (Bach 1975:66-72). So ook is skoonheid vir Kant ’n saak van die redelike oordeel, nie van genot of emosie nie. Waardering van skoonheid veronderstel nie noodwendig kennis van die eienskappe daarvan nie, maar “...comes about when there is a general harmony between the powers of the human mind and the form and features of the thing whose beauty we take ourselves to grasp” (Bach 1975:75).

In antropologiese geledere word die eerste sistematiese verantwoording van die begrip “waarde” waarskynlik gevind in Thomas en Znaniecki se *The Polish Peasant in Europe and America*, wat in 1927 in die VSA gepubliseer is. In dié artikel, wat gehandel het oor die organisasie van Poolse landelike groepe en die uitwerking van industrialisasie op hulle, word ’n waarde beskou as enige toeganklike of waarneembare voorwerp wat betekenis het vir die lede van ’n kulturele en/of maatskaplike groep. Vir hulle is dit ’n waarneembare “ding” plus die betekenis wat dit het vir ’n bepaalde tipe handeling (Thomas & Znaniecki 1927:31-32). Die reservering van die begrip waarde vir objekte van oriëntasie moet verstaan word in terme van die onderskeid wat Thomas en Znaniecki tussen houding en objek tref. Op grond van dié onderskeiding gee hulle aan samelewingsreëls objektiewe status. Reëls ontlok egter nie alleen houdings nie, maar is ook uitdrukkings van houdings. Deur waardes en houding teenoor mekaar te plaas, poog die skrywers enersyds om die digotomie tussen samelewing en individu, en tussen persoonlikheid en samelewingsorganisasie te verklaar. Andersyds stel dit hulle in staat om waardes en houdings te verbind aan die handelinge van die persoon binne ’n samelewing en/of kulturele situasie. Waardes het, volgens hulle, egter ’n suiwer kulturele objek gebly, terwyl houdings ’n suiwer psigologiese inhoud gehad het. Dit het daartoe aanleiding gegee

dat daar nie werklik 'n insig in die individu se hantering en optrede ten opsigte van norme verkry is nie. Hoewel Znaniecki (1952:122) in 'n latere publikasie gepoog het om die objektiewe met die subjektiewe te verbind, met ander woorde om waardes (as norme) aan die individu te koppel, is daar nooit 'n bevredigende voorstelling van die individu se normatiewe optrede gegee nie.

In teenstelling met Thomas en Znaniecki het Faris (1937:23) 'n komponent van subjektiwiteit daaraan gekoppel. Ofskoon hy ooreenkomstig die opvattinge van Durkheim, Spencer en Sumner (volgens Parsons 1951:33) die superorganiese karakter van kultuur erken, met ander woorde dat kultuur op 'n selfstandige wyse menslike gedrag beïnvloed, erken hy terselfdertyd persoonlikheid as die subjektiewe aspek van kultuur (Faris 1937:27).

G.H. Mead (1946:128-129) se insiggewende voorstelling van die wyse waarop houdings deel word van persoonlikheid, is 'n logiese opvolging van Faris se algemene insig in dié verband. Die idee van die "self" is volgens Mead in essensie 'n kultureel-samelewingskonstruksie wat ontwikkel in die proses van samelewingservaring en -aktiwiteit. Hierdie ervaring en aktiwiteit se besondere aard berus op die proses van simboliese kommunikasie. Volgens Mead (1946:181) is 'n simbool 'n stimulus waarvan die respons reeds vooraf bepaal/gegee is. Wanneer 'n mens dus in kommunikasie simbole gebruik, het dit alleen betekenis omdat dit by die eerste persoon dieselfde idee opwek as by die ander individu met wie gekommunikeer word. In kommunikasie praat die individu tegelyk met ander en met homself (Mead 1946:150).

Faris sowel as Mead konseptualiseer waardes as houdings. Faris se stelling dat samelewingshoudings die subjektiewe aspek van die objektiewe waardes is en dat persoonlikheid die subjektiewe aspek van kultuur is, het 'n nuwe denkrigting ten opsigte van waardes binne 'n kultureel-samelewingsverband daargestel. Mead se voorstelling van die wyse waarop houdings wat in die samelewing algemeen is, deel word van die persoonlikheid, gee aan Faris se algemene beginsel substansie en spesifiekheid.

H. Becker (1950:134) definieer waardes op sy beurt as volg: "Values are any objects of any needs." Hy verstrek die volgende voorbeelde van waardes: "Swiss cheese, 'pie in the sky', well-being, misery, concealed pride, a prestigious Cadillac, an enemy soldier, Satan, glory, and ten dollar debts are all objects of needs of some kind, and in our sense values" (Becker 1950:134). Deur waardes gelyk te stel aan objekte en behoeftes kan handelinge self as waardes beskou word. Becker handhaaf dan ook nie 'n duidelike onderskeid tussen waardes en handelinge nie. Naas die meer tasbare objekte verwys essensiële handelinge, gedragspatrone en norme ook na waardes (Becker 1950:135). Kortliks kom Becker se standpunt op die volgende neer: Waarde is enige objek wat die mens tegelyk ken, begeer en normeer. Voorgenoemde proses kan saamgevat word in die woord evaluasie (evalueer) – want waardes is die resultaat van evaluasies. Oor hoe waardes binne 'n samelewing tot uiting kom, verklaar Becker dat mense in hul optrede (met ander woorde as akteurs) bewustelik of onbewustelik rekening hou met die groter geheel, die omvattende kulturele raamwerk, die waardesisteem, waarbinne die situasie bestaan.

In die bespreking tot dusver is daarop gewys dat waardes vir Thomas en Znaniecki primêr kultuurobjekte was; Faris en Mead het dit ook as persoonlikheidselemente erken; terwyl Becker se konseptualisering van 'n waardesisteem as bestaande binne, asook verbonde met samelewings bespreek is. Deur Sorokin se bydrae is waardes egter ook formeel erken as bestaande tegelyk in kultuur, persoonlikheid en samelewing.

Hoewel Sorokin in die publikasie *Society, Culture and Personality* self nie 'n presiese, formele definisie van die begrip "waarde" aanbied nie, kan daar op grond van sy standpunte en uitsprake wel 'n duidelike beeld verkry word van wat hy daarmee bedoel. Waardes is, in die eerste plek, 'n bepaalde klas van betekenis. 'n Betekenis moet verstaan word as 'n idee in die menslike bewussyn wat die biologiese attribute van 'n fenomeen te bowe gaan en dit sodoende belangrik maak vir die denke en

handeling van die draer daarvan (Sorokin 1948:40). Betekenisse word deur Sorokin onderskei as kognitiewe betekenisse, betekenisvolle waardes (bv. ekonomiese waardes) en norme – wat weer verwys na standaarde. Voorgenoemde konsepte (met ander woorde betekenisse, waardes en norme) word egter deur Sorokin as wisselvorme gebruik (Sorokin 1948:47).

Aspirasies en begeertes wat essensieel persoonlikheids-elemente is, word, tweedens, deur Sorokin (1948:93) ook as waardes getipeer. Hy doen dieselfde met doelstellings, belangstellings of fokus, asook die gemeenskaplike kenmerke van lede van 'n kultuurgroep/samelewing (Sorokin 1948:173). Laastens onderskei hy tussen absolute en relatiewe waardes. Eersgenoemde word gelykgestel aan of beskou as deel van God: "The ultimate nature of the values is another term for what others call God" (Sorokin 1948:255) en "... the central idea of God as the ultimate true reality and the absolute true value" (Sorokin 1948:230).

Betekenis/waardes/norme as idees is, volgens Sorokin (1948:11-16), immaterieel, ruimtelos en tydloos en word deur die handelinge van mense geobjektiveer en geëksternaliseer. By die vasstelling van waardes moet die handelinge van mense en die produkte van hulle interaksies bestudeer word. Sorokin poog egter om meer as net die waardes van afsonderlike kultuurobjekte vas te stel, aangesien hy daarop ingestel is om uiteindelik vir 'n samelewing een sentrale betekenis aan te wys wat dien as die logiese fokuspunt van integrasie van alle kleiner betekenisse en ondergeskikte sisteme van betekenisse. Op hierdie wyse identifiseer hy wat hy noem die drie groot idees van 'n samelewing, naamlik die "Ideational", "Idealistic" en "Sensate" – wat gesamentlik die waardestelsels van 'n samelewing tipeer en onderskei.

Betekenis/waardes/norme is vir Sorokin (1948:70) van sentrale belang in die definiëring van 'n kultuurgroep, aangesien dit aan die betrokke groep 'n onderskeibare identiteit verleen (Sorokin 1948:381). So gesien, is die handhawing van die sentrale sisteem van betekenis/waardes/norme die belangrikste voorwaarde vir die kontinuïteit van 'n groep.

In teenstelling met die algemene onderskeid tussen, aan die een kant, verwagtings ten opsigte van die werking van natuurlike prosesse en, aan die ander kant, verwagtings wat gekoppel is aan menslike strewes en ideale, is Kluckhohn (1960:116-117) van mening dat daar onderskei behoort te word tussen dit wat geglo word (die eksistensiële), dit wat begeer word (begeerte) en dit wat begeer behoort te word (wenslike). Dit wat wenslik ("desirable") is, moet duidelik van dit wat begeer word ("desired"), onderskei word, want waardes verteenwoordig nie net wat mense wil hê nie, maar ook wat hulle glo of dink behoort begeer/nagestreef te word. Teen hierdie agtergrond definieer Kluckhohn waarde as "... a conception, explicit or implicit, distinctive of an individual or characteristic of a group, of the desirable which influences the selection from available modes, means, and ends of action."

Die komponente van bogenoemde definisie word deur Kluckhohn (1960:295-310) soos volg verduidelik: Dit beklemtoon die interverhouding tussen kultuur, samelewings-sisteem en persoonlikheid; die driedeling van affektief, kognitief en konatief word onderskeidelik teruggevind in die begrippe "desirable", "conception" en "selection", wat vir hom beteken dat al drie voorgenoemde modi by waardes ter sprake is; terwyl die begrip "konsepsie" waardes as 'n bewussyns- of denkkonstruksie identifiseer. Laasgenoemde element onderskei waardes van sentimente, emosies, drange en behoeftes. Waardes as konsepsies van die wenslike is funksioneel noodsaaklik vir die voorspelbaarheid van handeling. Laasgenoemde is noodsaaklik vir sowel die persoon se sekuriteit, asook vir samelewings- en kulturele ordelikheid. Die konsep "wenslike" is 'n produk van kultuur en manifesteer in die lewe van 'n samelewing, en wanneer dit deur die individu geïnternaliseer is, speel dit 'n beslissende rol in sy/haar lewe. Waardes kompromitteer dus die draer se handelinge, maar kan nie gelykgestel word aan motivering nie – waardes kanaliseer wel motivering (Kluckhohn 1960:400).

Kluckhohn (1960:403) gebruik die begrip "waarde-oriëntasie" vir 'n waardekonsepsie wat algemeen is, wat georganiseer is en 'n definitiewe eksistensiële oordeel of proposisie bevat. Wanneer

dit in die vorm van 'n stelling geformuleer word, verteenwoordig dit die individu of groep se definisie/filosofie van die betekenis van die lewe, waaronder ingesluit is 'n siening van die aard van die universum, die verhouding van die mens tot sowel die natuurlike as die bonatuurlike universum en die verhouding van mens tot mens. 'n Waarde-oriëntasie is dus vir Kluckhohn (1960:411-415) meer omvattend as 'n waarde en hy identifiseer patrone of sisteme van waarde-oriëntasies. Laasgenoemde verleen koherensie, geïntegreerdheid en uniekheid aan kultuur.

Vir P.J. Coertze (1979:33) is waardes die mees rigtinggewende element in 'n kultuur – hy maak geen melding van waardes binne die konteks van die individu (persoonlikheid) of die samelewingsstelsel nie. Volgens hom is 'n waardesistelsel een van vyftien universele aspekte in 'n kultuur. Hy (Coertze 1979:32) definieer waardes dan ook as 'n kulturaspek wat verband hou met die verstandelike prosesse van die mens en wat saamhang met sy/haar pogings om vir hom-/haarself 'n gelukkige bestaan te verseker. Dit ontstaan deur samewoning, samewerking, samelyding en samestryding; dit kom langsamerhand as 'n geykte stelsel tot stand.

Coertze (1979:34) onderskei tussen waarheids- en logiese waardes (logos), morele of etiese waardes (ethos), skoonheids- of estetiese waardes (aesthesis), en nuttigheids- of pragmatiese waardes (pragmatiek). Eersgenoemde hou verband met die feitelike en logiese evaluering van verskynsels in die werklikheid. Sodra 'n mens begin evalueer, bou hy/sy, volgens Coertze (1979:34), aan 'n eie waardesistelsel.

Die bestaan van waarheidswaardes hou verband met die kategorisering van verskynsels volgens 'n feitelike en logiese evaluering; die rangordening van verskynsels en kategorieë ooreenkomstig voorgenoemde evaluering; die verbinding van statusse van verskynsels en kategorieë van verskynsels ooreenkomstig die rangordening; en die aanwesigheid van gedragpatrone ten opsigte van die kategorieë van verskynsels saamhangend met die statusordening.

Morele of etiese waardes het betrekking op die evaluering van bewuste en gewilde gedrag, en wel met betrekking tot die beoordeling van die goed of sleg, of die reg of verkeerd daarvan. Die waarde-oordele wat in hierdie verband gevel word, gaan dus oor die wese en aard van die gedrag en nie soseer oor die gedrag self nie. Coertze (1979:37) sê wat 'n etnos as reg en goed beskou, en wat nie, is nie 'n ingegewe norm nie, maar berus op die oordeel, insig en kennis van vroeëre geslagte wat as 'n kultuurerfenis oorgedra is. Die etiese norm word dus geskraag deur die veronderstelde waarheid daarvan.

Ten opsigte van estetiese of skoonheidswaardes onderskei Coertze (1979:38) tussen die beoordeling van skoonheidswaardes deur enersyds moderne en andersyds “primitiewe” kulture. Hy beweer dat onder die geykte kulturomstandighede wat kenmerkend is van sogenaamde primigene kulture, 'n mens groter kultuurgebondenheid, en dus 'n groter gestereotipeerdheid in estetiese uitinge kry.

Nuttigheids- of pragmatiese waardes hou, met die oog op 'n gelukkige voortbestaan, verband met die nuttigheidsvaluering van mense, dinge en die onsigelike. Dit is volgens hom (Coertze 1979:38) herlei uit sekere waarheidswaardes oor verskynsels wat in die praktiese lewe van mense nuttig mag wees.

Samevattend tot dusver, kan waardes in die algemeen gekonseptualiseer word as:

- 'n komponent van menslike handeling, wat in die kultuur van 'n etnos manifesteer;
- 'n komponent van handeling wat binne die normatiewe dimensie van gedrag geleë is;
- 'n konsepsie van die wenslike – wat gelyktydig neerslag vind in kultuur, die samelewing, mense wat daardie kultuur dra, en in die persoonlikheid van individuele lede. Hierdeur is dit vir 'n waardesistelsel moontlik om strukturele kongruensie te bewerkstellig en funksionele interafhanklikheid moontlik te maak;

- 'n kriterium vir die seleksie van kulturele oriëntasies;
- die wetenskaplike opvatting oor etnisiteit as gegewenheid, gekoppel aan 'n homogene bevolking met 'n afgebakende en onveranderlike kultuurpatroon – hoewel uiters kontroversieel;
- 'n norm binne samelewingsinstellings wat die wenslike oriëntasies, en die daarmee saamgaande handeling vir bepaalde statusrolle spesifiseer;
- 'n oriëntasie vir die individu ten opsigte van die kulturele kriteria en statusrolnorme wat hom/haar kompromitteer om dit in rolgedrag te handhaaf; en
- 'n element in die oriëntasie van die individu ten opsigte van situasies.

Op grond van die bogenoemde proposisies kan die begrip waarde, vir die doeleindes van hierdie artikel, gedefinieer word as “'n konsepsie van die wenslike wat gelyktydig in identiteit, moraliteit en kultuur as kriterium vir die seleksie van oriëntasie bestaan; wat danksy die narratiewe geïnstitusioneel is in 'n samelewingsverband en deur die lede van hierdie verband geïnternaliseer is, en waardeur hierdie individue georiënteer word ten opsigte van wat geag word as die wenslike handeling”.

3. DIE AFRIKANER VAN DIE PRE-1994-KONTEKS

3.1 Die ontstaan van die Afrikaner

Skrywers is dikwels geneig om 'n enkele, drastiese kwantumsprong in verband met die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaner te identifiseer. Giliomee (1999:14) suggereer byvoorbeeld dat die 1707-uiting van Hendrik Biebow, “Ik ben een Africaander”, gesien moet word as die uitdrukking van 'n identiteits- of bestaanskeuse. Vir Degenaar (1987:233), daarenteen, is dit foutief om die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme op die geskiedenis van die sewentiende-eeuse Afrikaner te projekteer. Van Jaarsveld (1980:222), op sy beurt, is van mening dat 'n nasionale volksbewussyn eers teen 1877 besig was om te ontwaak – 'n mening wat deur Steyn (1980:135) gedeel word. Van Jaarsveld (1980:222) noem die anneksasie van Transvaal en die Eerste Vryheidsoorlog “elektriese skokke” wat “deur die hart van alle Afrikaners gegaan het” en “'n gedagtestelsel” laat ontstaan het “waarin die Afrikanervolk as 'n geestelike eenheid sentraal gestel is”.

Volgens Giliomee (1999:13-20) is daar tydens die Britse besetting, en veral na die aankoms van die Britse Setlaars in 1820, sprake van 'n bewuswording van gemeenskaplike belange, wat verskillend is van die belange van diegene wat die gesag gevoer het, en daardeur van 'n eie identiteit. Daar was verder ook 'n gewaarwording dat hierdie eie identiteit op velerlei terreine bedreig word; 'n begeerte om hierdie identiteit te handhaaf; en 'n gewaarwording dat die identiteit net deur beskikking oor eie lot gehandhaaf kan word. Die selfbewussyn en strewe na selfbehoud het dus ontstaan en tot uiting gekom in 'n strewe na selfbeskikking.

Die selfbeskikking wat in die tydperk vanaf 1838 tot 1910 bereik is, was volgens Van der Merwe (1975:69) sowel onvolledig as van korte duur. Brittanje, wat 'n magtige teenwoordigheid in die Kaap gehandhaaf het, het van vroeg af juridies en *de facto* allerlei beperkinge geplaas op die onafhanklikheid van die boererepublieke in die binneland. Die republieke moes toegewings aan Brittanje doen oor die reëling van interne aangeleenthede wat nie versoenbaar was met selfbeskikking nie. Teen die einde van die negentiende eeu is die droom van selfbeskikking, aldus Van der Merwe (1975:69), finaal en onherroeplik verpletter. Daarmee saam is 'n nuwe bedreiging vir die Afrikaner daargestel in die vorm van 'n hernieude beleid van verengelsing deur die owerheid en 'n (vir die Afrikaner) té liberale beleid rakende rasse-aangeleenthede.

Die term “Afrikaner” het voor en tydens die Tweede Vryheidsoorlog nog nie ’n genuanseerde betekenisinhoud gehad nie, waarskynlik omdat dit afwisselend met die woord “Boer” gebruik is, waarmee bedoel is ’n “Hollandsch sprekende kolonist van Zuid-Afrika, inzonderheid die van de Transvaal en de Oranje-Vrystaat” (Van Dale, 1915 se Handwoordenboek der Nederlandsche Taal). Die gebruik van die woord “Boer” tydens die Tweede Vryheidsoorlog, veral in koerantberigte, is oorbekend. Die woord “Afrikaner” verskyn ook nog nie in die omvattende standaardwoordeboek van die Nederlandse Taal (WNT) wat in 1895 gepubliseer is nie. Dit kom egter sedert 1915 in Van Dale voor, waar ’n Afrikaner gedefinieer word as: “in Zuid-Afrika geboren blanke van Europeeschen oorsprong”. Vir Naudé en andere (1969:98) dui die woord “Afrikaner”, in teenstelling met die breër begrip “Suid-Afrikaner”, op dié blanke bevolkingsdeel van Suid-Afrika wat afstammeling is van die eerste koloniste. Dit wil sê, Nederlanders uit Calvinistiese huise, asook die Hugenote, die Duitsers en later veral die Skotte, wat met die Nederlanders ondertrou het – mense wie se taal hoofsaaklik uit Nederlands ontwikkel het en wat die geestelike nalatenskap van Calvyn as hul eie aanvaar het. In dié artikel word die Afrikaner bondig gedefinieer as ’n blanke groep met ’n eie kultuur en identiteit.

Volgens Van der Merwe (1975:69) het die Afrikaner hom aan die einde van die tweede tydperk (1838-1910) in ’n radikaal veranderende wêreld bevind. Selfbehoud deur selfbeskikking was ’n vergane droom – die Afrikaner moes in dieselfde gebied saam met ander volksgroepe leef wat nie deelgenote van sy besondere volksbelange was nie. Deur omstandighede is daar egter ’n nuwe wapen tot selfbehoud in sy hande geplaas. Na uniewording was die Afrikaner binne die “demokraties” georganiseerde politieke gemeenskap (omdat dit tot die blanke bevolking van die land beperk was) die meerderheid. Dié getaloorwig het die Afrikaner binne bereik van die politieke mag en selfbehoud geplaas. ’n Nuwe potensiele strewe is dus gebore: volkseenheid. Want slegs deur eendrag sou die Afrikaner die mag kon kry.

Die oënskynlike aanvanklike eenheid in Afrikanergeleedere met uniewording het egter teen Desember 1912 begin verbreek met die breuk tussen Botha en Hertzog. Van beskikking oor politieke mag deur die Afrikaner ter wille van selfbehoud was daar nóg voor nóg onmiddellik na 1912 sprake.

Die regering van 1934 tot 1939 (en tot 1948) kan, volgens Van der Merwe (1975:72), nie gesien word as ’n Afrikanerregering nie omdat ’n betekenisvolle gedeelte van die Afrikaners hulself daarvan gedistansieer het, terwyl die regering die grootste gedeelte van die Engelstalige bevolking omvat het. Van Afrikanereenheid in die politiek was daar nie sprake nie.

Volgens Van der Merwe (1975:71) het ’n belangrike groep Afrikaners teen 1947 Smuts se regering as ’n bedreiging vir hul selfbehoud gesien, enersyds omdat Smuts op hierdie tydstip deur ’n groot groep Afrikaners met die Engelssprekendes en met die idee van die Britse Ryk geïdentifiseer is, en andersyds as gevolg van Smuts se “laat-maar-loop-beleid” ten opsigte van die “nie-blanke”. Die Afrikaners se taal is in die stede en in die staatsdiens grootliks misken, sodat daar gevoel is dat taalgelykheid vir Smuts se regering grootliks ’n dooie letter was. Afrikaans was besig om vinnig veld te verloor teen die kultuurkragtiger Engels. Hierdie toedrag van sake is in ’n groot mate aan owerheidsopptrede gewyt. Die Afrikaners het hulleself van alle kante bedreig gevoel.

Die besef het geleidelik, aldus Van der Merwe (1975:72), by Afrikaners posgevat dat hul primêre volksbelang nie gehandhaaf sou word as hulle nie oor die politieke mag beskik om self daarvoor te sorg nie. Voorts het hulle veral gedurende en na die oorlogsjare die wrange vrugte van verdeeldheid gepluk. Die skrif was aan die muur, veral wat taalregte en die verhouding met die “nie-blanke” betref. Dit het aanleiding gegee tot ’n verkiesingsooreenkoms in 1947 tussen Malan en Havenga, wat gelei het tot ’n verkiesingsoorwinning in 1948 vir die partye wat deur Afrikaners oorheers is. Hoewel die Afrikaners se meerderheid in die Volksraad baie klein was (dit het berus op ’n minderheid van stemme by die stembus), was Malan se kabinet van 1948 die eerste een wat ten volle uit Afrikaners bestaan het (Van der Merwe 1975:72).

Na die verwesenliking van die republikeinse ideaal in 1961, het Afrikanerpolitiek 'n nuwe tydvak betree. Konstitusionele ideale is bereik. Die Afrikaner was in 'n sterk politieke posisie. Afrikaans as taal het hoër erkenning geniet as ooit tevore en was stewig ingegrawe in openbare instellings. Sedert 1961 het die NP (Nasionale Party) homself so sterk gevoel dat hy dit kon bekostig om die hand van samewerking na nie-Afrikaners uit te steek (Van der Merwe 1975:72). Hierdie keer, anders as in 1910, 1924 of 1933, het die NP nie sy basiese karakter as Afrikaanse party op die spel geplaas nie. As gevolg van die NP se primêr Afrikaanse karakter het hy egter tot en met 1980 min aktiewe steun van lede van ander groepe ontvang.

Opsommenderwys meld Van der Merwe (1975:73) dat gesê kan word dat die Afrikaners uit hul wordingsgeskiedenis besef het dat hul voortbestaan alleen verseker sal wees solank hulle politieke beheer oor die land behou. Volgens Van der Merwe was politieke beheer vir die Afrikaner tot en met 1994 afhanklik van volkseenheid.

Rasse-oorwegings is 'n volgende faktor wat 'n rol gespeel het by die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaner. Ofskoon dit, volgens Degenaar (1987:233), foutief is om die ontwikkeling van die Afrikaner suiwer op die geskiedenis van die sewentiende-eeuse Afrikaner te projekteer, is dit insgelyks nie korrek om feite, gebeurtenisse en uitsprake van daardie tyd te ignoreer nie. In dié verband beklemtoon Dalcanton (1973:305-306), Rhodie (1969:6-26) en Tatz (1962:1-3) byvoorbeeld dat dit by die aanvanklike vorming van die (Kaapse) Afrikaner nie gegaan het om die vestiging van 'n onafhanklike politieke sisteem (lees kultuur) nie, maar oor die rassekwessie. Laasgenoemde was 'n komplekse aangeleentheid in die agtiende-eeuse Kaap. Tog is Degenaar (1984a:52) van oordeel dat een van die afgrensende kenmerke van die Afrikaners hul rasse-afkoms is. Hy verwoord dit soos volg: "These cultural, ethnic and religious differences which coincided with social, political and economic distinctions came to be seen in the popular mind in dominantly racial terms, the racial factor being the most visible and easily conceptualized index of group differentiation".

Verskeie uitsprake bevestig dat die Afrikaner rasbewus was/is. Swart (1981:77) verklaar byvoorbeeld onomwonde: "Blankheid het beteken Afrikanerskap." Jooste (1997:61 en 1997b:102) en Marais (1980:166) bevestig dat dit vir die Afrikaner te make het met biologiese herkoms en voorkoms, asook onderlinge verwantskap. Dienooreenkomstig word verbastering en assimilasië (kultureel en biologies) verwerp (Coertze 1983:52 en Marais 1980:124-130). Die onverkwiklike debat wat gehandel het oor die vraag of die sogenaamde kleurlinge deel is van die Afrikaner of nie, getuig van die erns waarmee die rassekwessie deur die Afrikaner bejeën is (vgl. Coertze 1982:138, Botha 1938:1 en Sparks 1990:424).

Uit die voorafgaande inligting kan, eerstens, afgelei word dat verteenwoordigers van verskillende volke uit Europa saamgevoeg is en dat die Afrikaners, met hul eie kultuur en identiteit, hieruit ontwikkel het. Die rol van lokaliteit (die suidpunt van Afrika), asook 'n bepaalde historiese konteks was van besondere belang en het 'n belangrike bydrae tot die etnogenese van die Afrikaner gelewer. Tweedens moet ook genoem word dat daar nie onvoorwaardelik aanvaar kan word dat hoëre kulturele oorwegings, wat taal insluit, die uitsluitlike of oorheersende faktor ten opsigte van die etnogenese van die Afrikaner was nie. Die neiging om "ons" van "hulle" te onderskei op grond van negatiewe rasse-oorwegings, is 'n faktor wat vanaf die begin aanwesig was en dit het 'n beletsel gelaat op die waardes, kultuur en identiteit van die Afrikaner.

Hoewel dit nie moontlik is om die Afrikaner se geboorte aan 'n enkele moment of gebeurtenis te koppel nie, onderskei skrywers wel verskillende faktore wat van deurslaggewende betekenis in hierdie verband was. Die besondere betekenis wat godsdienstige oortuigings gespeel het by die grondleggers van die Afrikanervolk, word na alle waarskynlikheid gereken as die belangrikste faktor. Die Nederlandse aankomelinge aan die suidpunt van Afrika het in 1652 hulle eie godsdienstige dogma, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelofte en die Dordtse Leerreëls – bekend as

die Drie Formuliere van Enigheid, saamgebring om as kompas vir hulle denke en handeling in hulle nuutgevonde vaderland te dien.

3.2 Waardekeuses van die Afrikaner binne die pre-1994-konteks

Volgens skrywers soos De Klerk (1979:115), Marais (1980:12) en Treurnicht (1975:66-76) verteenwoordig die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing die essensie van die pre-1994-Afrikaner se oriënteringspunt; dit is sy/haar moedergedagte, die sentrale saambindende motief en historiese lyn. Dit beteken dus dat die Afrikaner die nasionale strewe, in al sy fasette, onder leiding en bestraling van die Christelike gestel het. Alle waarde-oriëntasies en waardes van die Afrikaner se ontstaan en voortbestaan is in hierdie meesterwaarde gebed. Binne hierdie meesterwaarde is apartheid ook veranker. Apartheid was die onafwendbare resultaat van die drang van die Afrikaners om in beheer te bly en om 'n eie toekoms te skep en te verseker. Apartheid het dus nie net 'n ideologiese staatsbestel daargestel nie, maar dit het ook die Afrikaner se maatskaplike, sosiale en kulturele lewe georden. Slabbert (1999:15) sê in hierdie verband: "Apartheid het jou vertel wat die doel van die geskiedenis is, wat jou plek en rol daarin is en dat jy persoonlik niks daaraan kan doen nie. Maar diegene wat aan bewind was (die Afrikaner), het toevallig al die voordele geniet en dit was hulle 'historiese plig' om al die ander uitgeslote groepe tot 'volwassenheid en kundigheid' te lei".

Gedurende hierdie tydperk was die Afrikaner se waardes en waarde-oriëntering duidelik omskryf en maklik identifiseerbaar. Dit het grondliggend uit die volgende dimensies bestaan:

- Die primordiale faktor was belangrik: Die Afrikaner het, soos genoem, 'n goddelike roeping gehad (Strydom 1982:59) en sy bestaan was Christelik-prinsipieel regverdigbaar (Swart 1981:77, Treurnicht 1975:46-55 en Van den Berg 1983:17-27).
- 'n Eie grondgebied was vanaf volksplanting deur die Afrikaner as van groot belang geag (Jooste 1997a:63 en 1997b:109, Pont 1991:48 en Raath 1991:55-62).
- Tesame met die drang na 'n eie grondgebied, het die Afrikaner ook oor eeue heen 'n intense drang na selfregering en selfbeskikking gehad (Liebenberg 2000:82 en Thornberry 1989:881-889).
- Afrikanerkultuur, veral die Afrikaanse taal (Cattell 2001:14-15) en 'n eie geskiedenis (Giliomee 2004:179 en Van Wyk 1994:300-308) is besonder hoog geag.

4. DIE WAARDEKEUSES VAN BINNE DIE AFRIKANER VAN DIE POST-1994-KONTEKS

Die herstrukturering en transformasie van die breër Suid-Afrikaanse samelewing, plus die onafwendbare een-en-twintigste-eeuse kragte van globalisering en postmodernisme, het inderdaad die era van nihilisme vir die Afrikaner laat aanbreek en sy meesterwaarde onder druk geplaas. De Klerk (1979:115) se opmerking: "As die Christelike verwerp, verwater of verdring word, bedreig dit die kern van die Afrikaner se lewensopvatting" is bewaarheid. Die impak van die disintegrasie van die Afrikaner se meesterwaarde is oral duidelik sigbaar.

Ook gevestigde Afrikanerkultuurorganisasies is besig om 'n drastiese daling in ledetal te ervaar. Die Afrikanerbond se ledetal het byvoorbeeld vanaf 19 709 in 1991 tot minder as 4 000 in 2006 gekrimp; die Rapportryers het van 14 000 lede in 1988 tot slegs 1 600 lede in 2006 gedaal; en die Voortrekkers het van 55 000 in 1988 tot nagenoeg 15 000 lede in 2006 verminder (persoonlike mededeling van dr Kobus Mostert, voormalige Hoof-Uitvoerende Beampte van die Afrikanerbond, op 6 Julie 2006 in Johannesburg).

Gegee die disintegrering van die Afrikaner se meesterwaarde ontstaan die vraag of Afrikaners tans 'n ander dominante waardesisteem deel. Afrikanerakademici soos A. Venter ("Nasionale identiteitsvraagstukke in postapartheid Suid-Afrika" 1999:37-38) en D. Geldenhuys (*Die Vrye Afrikaan* 29 Oktober 2004:4) is van mening dat dit wel die geval is. Volgens hulle is die Afrikaner se totale lewens- en wêreldbeskouing tans gebaseer op Westerse beskawingsnorme. Met ander woorde die Westerse beskawing het as meesterwaarde na vore getree. Beide beroep hulle in hul argumentasie op Huntington (1996) se *The clash of civilisations and the remaking of world order*. Volgens Huntington (1996:43) is 'n beskawing die hoogste kulturele klassifikasie van mense – beskawing is dus kultuur in hoofletters.

Bogenoemde standpuntinname bevredig nie heeltemal nie en laat vrae ontstaan soos: "Was die Afrikaner nie in elk geval nog altyd deel van die Westerse beskawing nie? Hoe gemaak met die feit dat Suid-Afrika deel van Afrika is en dat die regering tans konstruktief besig is met 'n proses van nasiebou waarin die Afrikatema sentraal staan?"

Hoewel Sorokin (1948:70) van mening is dat die rigting wat verandering van 'n waardesisteem kan inslaan beperk is, sien die situasie wat die Afrikaner betref egter anders daar uit. In die geval van die Afrikaner het daar nie 'n enkele nuwe of alternatiewe meesterwaardesisteem na vore getree nie. Na analogie van Lyotard (1984:18-24) se sieninge is daar eerder sprake van 'n velerlei van versplinterde waardesisteme. Hierdie versplinterde waardesisteme skep, volgens skrywers soos Gouws (2005:7) en Marais (1980:12), polarisasie en 'n gepaardgaande identiteitskrisis vir die Afrikaner. Dit is in hierdie polarisasie, en die gebrek aan 'n meester waardesisteem waarin die Afrikaner se oorlewingskrisis lê.

Uit die bespreking tot dusver is dit duidelik dat die Afrikaner na 1994 sy sentrale, dominante meesterwaarde verloor het. Dit bied die uitdaging vir diegene wat Afrikaners wil wees om 'n nuwe, gemeenskaplike, interne identifisering van waardes te bewerkstellig wat kan bydra tot 'n nuwe eksterne toeskrywing van Afrikanerwees. Daar bestaan egter twyfel of die meesterwaarde met 'n ander meesterwaarde vervang is of besig is om vervang te word. Uit literatuur wat hier aangebied is, blyk dit dat daar eerder sprake is van etlike kleiner versplinterde waarde-oriëntasies.

5. SLOT

Die oorhoofse gevolgtrekking ten opsigte van die bevindinge van hierdie artikel, is dat daar nie meer iets soos 'n gedeelde, dominante waarde-oordeel of 'n tipiese Afrikanerkultuur, -identiteit of -narratief bestaan nie. Die Afrikaner se waardesisteem en gevestigde kultuurgewoontes en -gebruike is besig om te verander en te erodeer. Dit blyk duidelik uit die voorgaande dat beroepe op ou tradisies en onkritiese toewyding aan die sogenaamde Afrikanersaak eenvoudig nie meer geld nie. Dié toedrag van sake is deels die gevolg van toenemende traak-my-nieagtigheid, maar ook vanweë onbetrokkenheid by eie kultuuraktiwiteite. Dit beteken, kortom, dat die Afrikaner se identiteit, kultuur, waardes en narratiewe soos dit tradisioneel geken, bewaar en in stand gehou is, reeds onherroeplik verander het. Waarmee dit vervang is/word, is op hierdie stadium nog nie presies duidelik nie, want die proses is steeds aan die gang en benodig verdere navorsing in die toekoms. Tendense wat wel in hierdie verband voorkom en waarna verwys kan word, is die volgende:

- Afrikaneridentiteit openbaar teenswoordig 'n sterk dialektiese teenstrydigheid – 'n mens sou kon praat van 'n idealistiese teenoor 'n realistiese hoedanigheid, terwyl sintese die element is wat dikwels ontbreek. Na die ideaal gesproke is Afrikaans, kultuur, waardes en identiteit byvoorbeeld vir Afrikaners nog belangrik. In die praktyk, egter, doen Afrikaners baie min om hulle kultuur en identiteit te bevorder of te verskans, of om eie, realistiese kulturele verwagtings te formuleer. 'n Belangrike rede vir hierdie gebrekkige betrokkenheid onder Afrikaners is die ongeloofwaardige en dikwels lomp en onbeholpe leierskap binne

Afrikanergeleedere. Afrikaners is toenemend aangewese op kunstenaars soos Steve Hofmeyr, Koos Kombuis en Bok van Blerk as rolmodelle, meningvormers en vertolkers van die Afrikanergeskiedenis.

- Afrikaners besef en erken toenemend dat hulle nie 'n homogene groep is (of ooit was) nie – “ons is nie almal so nie”! Hoewel 'n onderliggende groepsgevoel en lotsverbondenheid steeds aanwesig is, is daar egter nie sprake van sterk etniese mobilisasie nie. Die gebrekkige leierskap waarna hierbo verwys is, is ook in hierdie geval ter sprake. 'n Ander rede is die feit dat wit en bruin mense in die algemeen in dieselfde kamp is. Hulle deel dieselfde bekommernisse en frustrasies rakende misdaad, regstellende aksie, werksgeleenthede en die dalende standarde van byvoorbeeld die onderwys en dienslewering deur plaaslike munisipaliteite. Anders gestel: die Afrikaner kan nie sê dat “ons” alleen deur hierdie faktore geraak word en daarom moet “ons” saamstaan nie.
- Die Afrikaners se prioritisering van hul waardes het drasties verander. Ekonomiese welvaart en materiële sukses, en nie meer 'n Christelik-nasionale lewens en -wêreldbeskouing nie, is die oorheersende prioriteit. Daar kan in hierdie verband gepraat word van 'n tipiese verbruikerskultuur, met 'n gepaardgaande mentaliteit en individuele ingesteldheid (elkeen vir homself) wat aangehang word.
- Dit is van kritieke belang vir Afrikaners om hul narratiewe in die postapartheid Suid-Afrika te herinterpreteer en te hervertel – sodat hulle nie net nuwe perspektief oor hulleself verkry nie, maar ook van mede-Suid-Afrikaners.

As gevolg van apartheid ervaar baie Afrikaners tot 'n groot mate hul geskiedenis, verlede en herkoms as gekontamineer. Dit het meegebring dat Afrikaners op hierdie stadium nie bereid is om hul etniese gevoelens sterk in die openbaar uit te spreek nie. Afrikaners probeer om so ver as moontlik polities korrek op te tree. As gevolg hiervan is 'n nuwe, positiewe, moreel regverdigbare etniese toewyding, wat bestand is teen die verleentheid van apartheid én die internasionale trefkrag van die postapartheid Suid-Afrika se reënboognasie-ideologie, nog nie deeglik binne Afrikanergeleedere geformuleer nie. Aan die ander kant kom dit egter ook voor asof die meerderheid Afrikaners nie bereid is om die akkulturasie- en transformasie-uitdagings waarmee hulle in 'n postapartheid Suid-Afrika gekonfronteer word, te aanvaar nie. Na watter kant daar dus ook al geredeneer word, die slotsom bly dieselfde: Afrikaners het passief geraak.

Die Afrikanerjeug wek die indruk van ambivalensie. Aan die een kant word dit wat tradisioneel met tipiese Afrikanerwaardes, -merkers, -kultuur en -identiteit geassosieer is, grootliks verwerp. Aan die ander kant is daar ongetwyfeld 'n proses van herdefiniëring en herontdekking van Afrikanerskap, met nuwe inhoude en betekenisse wat daaraan verleen word, aan die gang. Hierdie verskynsel, asook die prosesse van representering, reproduksie en weerstand wat daarmee verband hou, behoeft indringende antropologiese navorsing.

In 1954 skryf G.D. Scholtz: “(D)ie toekoms van haas geen ander volk [word] op die oomblik op so 'n ernstige wyse bedreig ... as juis dié van die Afrikaanse volk nie” (1954:170). Alberts (1956) verwys in hierdie verband na die verlammeende vrees by die Afrikaner vir onder andere die toekoms (1956:24), asook dat die Afrikaner sy/haar sin vir sedelike waardes verloor het en besig is om kerkloos te word (1956:93). Hierdie aanhalings is meer as vyf dekades gelede geskryf. Dit is, enersyds, nogal ontstellend om uit die bevindinge van hierdie artikel tot soortgelyke gevolgtrekkings te kom: Teenswoordige Afrikaners ervaar steeds 'n bestaanskrisis. Hulle voel hul toekoms bedreig en worstel met 'n afgwagende vrees wat hulle letterlik lam en passief laat of laat emigreer. Andersyds dwing dit die vraag na vore: “Het hierdie artikel enige nuwe insigte, begrip en kennis oor die Afrikaner gegenereer?”

Antropoloë gaan gewoonlik van die veronderstelling uit dat kulturele, sosiale en historiese verskynsels verstaan en geïnterpreteer moet word ooreenkomstig die totale “Lebensraum”. Intellektuele, metateoretiese en ontologiese kondisies (aannames) verteenwoordig belangrike aspekte hiervan, want dit beïnvloed menslike gedrag en denke, asook die manier waarop mense hulself in ’n voortdurend veranderende wêreld (her)definieer en (her)identifiseer.

Die postmoderne wêreld word gekenmerk deur openheid, positiewe verdraagsaamheid en akkommodering van verskeidenheid – wat alles bygedra het tot die skepping van die sogenaamde “global village”. Om in hierdie “dorp” rond te beweeg, is nie bedreigend, vreemd of onpatrioties nie. Die postmoderne mens gaan meer speels om met die lewe en waag makliker kanse om met nuwe of ander kultuurgebruike, opvattinge en idees te eksperimenteer, want vir hom/haar bestaan daar nie meer ’n enkele waarde, waarheid of absolutisme nie. Meesternarratiewe word eenvoudig gedekonstrueer, wat dit makliker maak om gevestigde tradisies, beskouings, of selfs iets soos om te emigreer, as verkeerd of negatief teen te staan. Die wete dat niks ewigdurend is nie, bring mee dat die onsekerhede wat gewoonlik met die prysgawe van gevestigde waardes, tradisies en omstandighede geassosieer word, minder bedreigend of traumaties ervaar word. Die vloeibaarheid, gefragmenteerdheid en intersubjektiewiteit van die postmoderne wêreld het ook gestalte gegee aan die opvatting van geen vaste, essensiële of permanente grense en identiteite nie.

Dit is in die konteks van die postmoderne “global village” waarin Afrikaners hulle bevind en keuses rakende hul waarde-oordele, kultuur, identiteit en narratiewe moet uitoefen. Uit hierdie artikel blyk dit dat die meeste Afrikaners waarskynlik besig is om, ofskoon dit met worsteling en onsekerhede gepaardgaan, ’n balans te vind tussen dit wat was en dit wat is. Dit geld vir elke vlak van hul lewens: waardes, kultuur, die sosiale, ten opsigte van godsdiens, sport en ontspanning, ensovoorts.

6. BIBLIOGRAFIE

- Alberts, A. 1956. *Die Afrikaanse wêreldbeskouing*. Kaapstad: Balkema.
- Aucamp, H.C.L. 1994. *Pluk die dag*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.
- Bach, J.C. 1975. *Truth, Value and Justification*. Avebury: Aldershot.
- Banton, M.I. 1994. Modelling ethnic and national relations. *Ethnic and Racial Articles* 17(1):1-19.
- Barth, F. 1969. Ethnic Groups and Boundaries. *The social organization of cultural difference*. London: Allen & Unwin.
- Becker, H. 1950. Through values to social interpretation. *Essays on Social Contexts, Action, Types and Prospects*. Durham, North Carolina. Duke University Press.
- Benedict, R. 1952. *Patterns of Culture*. London. Bukler & Tanner (Ltd.).
- Botha, D.P. 1938. *Opkoms van die Derde Stand*. Johannesburg: Perskor.
- Burr, V. 1995. *An introduction to social constructionism*. London: Routledge.
- Cattell, K. 2001. Tuiskoms en Vertrek: Die soeke na Afrikaneridentiteit. *Stilet* 13(1):11-19.
- Coertze, P.J. 1979. Waardes as ’n Besondere Aspek van die Kultuur van Volke. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 2(1):24-43.
- Coertze, P.J. 1982. Assimilasie, Integrasie en Amalgamasie. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 33(2):138-152.
- Coertze, P.J. 1983. *Die Afrikanervolk en die kleurlinge*. Pretoria: Van Schaik.
- Collins, J. 1989. *Uncommon Cultures: Popular Culture and Postmodernism*. New York: Routledge.
- Collier, M.J. 1998. Research cultural identity. In: Tanno en González (eds). *Reconciling interpretive and post-colonial perspective*. London: Sage Publications.
- Dalcanton, C. 1973. *The Africaner of South Africa: A case study of identity formation and change*. Ph.D.-dissertation. Pittsburgh: University of Pittsburgh.
- Darrel, A.P. 2001. *Cultural and Spiritual Values of Biodiversity*. Oxford: Oxford University Press.
- Degenaar, J.J. 1984. Waardes binne die taalspel van die filosofie. RGN Seminaar oor Waardes. Op 18 November 1984 te Pretoria.

- Degenaar, J.J. 1987. *Afrikanernasionalisme*. In Esterhuyse, W., Degenaar, J.J. en Olivier, N. 1987:231-260. Kaapstad: IDASA Occasional Paper.
- De Klerk, W.A. 1979. Tyd van Vernuwing. *Opstelle oor tyd en samelewing*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Despres, L.A. 1975. Toward a Theory of Ethnic Phenomena. In: Despres, L.A. (ed.) *Ethnicity and Resource Competition in Plural Societies*. Den Haag: Mouton & Co.
- Dominquez, V.R. 1994. A Taste for "the other". Intellectual Complicity in racializing practices. *Current Anthropology* 35(4):333-348.
- Dreyer, P.S. 1975. *Die wysbegeerte van die Grieke*. Kaapstad: HAUM.
- Erasmus, P.A. 2003. *Antropologiese spel met identiteite: Selfrefleksie op die Afrikaner*. Professorale intreerede. Universiteit van die Vrystaat, Departement Antropologie: Bloemfontein.
- Faris, E. 1937. *The Nature of Humans: Essays in Social Psychology*. New York: McGraw-Hill Book Co.
- Freedman, R. & Combs, L.A. 1996. *Handbook of multicultural counselling*. California: Sage, Thousands Oaks.
- Frow, J. 1995. *Cultural Articles and Cultural Value*. Oxford: Clarendon Press.
- Geertz, C. 1964. Ideology as a Cultural System. Adapter, David (ed.) In: *Ideology and Discontent*. New York: Free Press.
- Geldenhuis, D. 2004. Nasiebou as deel van transformasie. *Die Vrye Afrikaan*. 29 Oktober 2004:14.
- Giliomee, H. 1999. Eeuwendings en bestaanskeuses vir wit Afrikaner-inboorlinge. *Aambeeld* 27(1):13-20.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Gouws, A. 2005. Afrikaneridentiteit is wat ons doen. *Die Burger*. 24 Mei 2005:7.
- Huntington, S.P. 1996. *The clash of civilisations and the remaking of world order*. New York: Simon & Schuster.
- Jooste, C.J. 1997a. Volksidentiteit. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 28(3):60-70.
- Jooste, C.J. 1997b. Volksidentiteit, volkseenheid en pluralisme. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 28(4):102-116.
- Joubert, D.D. 1984. Sosiologiese oorwegings by die artikel van waardes. Referaat. RGN Seminaar oor Waardes. Op 18 November 1984 te Pretoria.
- Kluckhohn, C. 1960. Values and Value-Orientations in the theory of action. In: Parsons & Shils (eds). *Toward a General Theory of Action*. Harvard Cambridge: University Press.
- Kroeber, A.L. & Kluckhohn, C. 1952. *Culture: A critical review of concepts and definitions*. New York: Vintage Books.
- Liebenberg, J.S. 2000. Afrikanerselfbeskikking: Strategiese Opsies. 'n Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif. Randse Afrikaanse Universiteit: Gauteng.
- Lyotard, J.F. 1984. *The post-modern condition: A report on knowledge*. Translation from the French by Geoff Bennington and Brian Massumi. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Marais, H.C. 1980. Die Afrikaner tussen 1948–1990: 'n Kritiese oorsig. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede Julie – Desember* 1980 42(3):12.
- Mead, G.H. 1946. *Mind, Self and Society*. (Ed. with intro. by Morris, C.W.). Chicago, Illinois: The University of Chicago Press.
- Mönnig, H.O. 1980. *Groepsidentiteit en groepswrywing: Enkele waarneminge oor ras, rassisme, volk en etnisiteit, nasie en nasionalisme*. Johannesburg: Perskor Uitgewers.
- Naudé, S.M., Oberholzer, C.K. & Thom, H.B. (reds.) 1969. Die waardes van die Afrikaner. Referate gelewer by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Junie 1968 in Bloemfontein. Pretoria: Nasionale Boekhandel Bpk.
- Parsons, T. 1951. *The Social System*. Glencoe, Illinois: The Free Press.
- Pont, A.D. 1991. Afrikanerdenke oor homself en sy bestemming. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 42(3 & 4):42-54.
- Raath, A.W.G. 1991. Waarom 'n Afrikanerstaat? *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 42(3 & 4):52-62.
- Rhodie, N.J. 1969. *Apartheid and racial partnership in Southern Africa*. Pretoria: Academica.
- Roodt, D. 2005. Om ruim in Afrika te leef. <http://www.praag.org/meningings17072005.html>. 2005/07/14. Nagevors op 14 Julie 2006:1-13.
- Scholtz, G.D. 1954. *Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?* Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Sharp, J.S. 1988. Ethnic group and nation: The apartheid vision in South Africa. In: Boonzaier, E. & Sharp J. (eds). *South African Keywords. The uses and abuses of political concepts*. Cape Town: David Philip.
- Slabbert, F. Van Zyl. 1999. *Afrikaner Afrikaan: Anekdoties en Analise*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

- Sorokin, P.A. 1948. *Society, culture and personality – Their structure and dynamics. A general system of sociology*. New York: Harper and Brothers Publishers.
- Sparks, A.H. 1990. *The Mind of South Africa*. London: Heinemann.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Strydom, L.S. 1982. Die Afrikaner en sy kultuur: 'n Volkekundige verkenning. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 33(2):40-62.
- Swart, M. 1981. Die Afrikaner en sy identiteit. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 32(4):72-85.
- Tatz, C.M. 1962. *Shadow and substance in South Africa. A Study in land and franchise policies effecting Africans 1910-1960*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Thomas, W.I. & Znaniecki, R. 1927. *The Polish Peasant in Europe and America*. Volumes I & II. New York: Alfred Knopf.
- Thornberry, P. 1989. Self-determination, minorities, human rights: a review of international instruments. *International and comparative law. Quarterly*. Volume 38.
- Thornton, R. 1990. Recent trends in the theory of culture. In: Mouton, J. & Joubert, D. (eds). *Knowledge and method in the human sciences*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Timmerman, C. 2000. Muslim women and nationalism. *The power of the image. Current Sociology* 48(4):15-27.
- Treurnicht, A.P. 1975. *Credo van 'n Afrikaner*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Tylor E. B. 1903. *Primitive culture: Researches into the development of mythology, philosophy, religion, language, art and custom*. Second Print. London: Murray.
- Van Dale. 1915. *Van Dale's Handwoordenboek der Nederlandsche Taal*. Martinus Nijhoff: 's-Gravenhage.
- Van den Berg, C.L. 1983. Selfbeskikking in die lig van die Bybel. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 34(1):17-27.
- Van der Merwe, C.J. 1975. Die Afrikaner in die politieke magstruktuur. In: Van der Merwe, H.W. *Identiteit en verandering. Sewe Opstelle vir die Afrikaner vandag*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery Bpk.
- Van Jaarsveld, F.A. 1980. Die ontstaan van Afrikanernasionalisme 100 jaar gelede. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 20(3):220-231.
- Van Wyk, J. 1994. Identity and differences: Some nineteenth and early twentieth century South African texts. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 10(3 & 4):300-314.
- Venter, A. 1999. Nasionale identiteitsvraagstukke in postapartheid Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39(1):22-38.
- Vosloo, T. 2005. Afrikaners kort visie en leierskap. *Die Burger*. 28 Januarie 2005:12.
- Webster, D. 1991. *Abafazi Bathonga Bafikhakla: Ethnicity and gender in KwaZulu border community*. 1991:243-271.
- Znaniecki, R. 1952. *Culture Sciences: Their Origin and Development*. Urbana, Illinois: University of Illinois Press.